

## **Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk 2021 retrospektief beskou deur prof. Ilse Feinauer**

**Hier volg 'n kriptiese weergawe van die verloop van 2021 met die fokus hoofsaaklik op die navorsingsuitsette van almal wat voordeel kon trek uit die Leerstoel.**

### **Leerstoelhouer – Ilse Feinauer**

#### **Persoonlik:**

- Ondervoorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Dien op uitvoerende raad van:
  - European Society for Translation Studies (EST)
  - Unesco Global Chair for Language Policy for Multilingualism
  - Tesorier van ATSA
- Universiteitsposisies:
  - Prosessieleier by gradeplegtighede
  - Lid van die Aanstellingskomitee van die Senaat
  - Lid van die Fakulteit se Komitee vir Hoër Grade en Navorsing
- Ek ontvang 'n Festschrift onder redaksie van prof Harold Lesch en Marius Swart met die titel: *Die wisselwerking tussen taalpraktyk en teorie – 'n huldigingsbundel vir Ilse Feinauer*. Dit is 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus* no. 61 van 2021.

#### **Boekprojekte:**

Ek was vir die grootste deel van 2021 met navorsingsvergunning en het deur die loop van die jaar aan vyf boekprojekte gewerk wat almal binne die Leerstoeltema tuisgebring kan word. Ek is of mederedakteur van die boek en/of het aan 'n hoofstuk gewerk wat in die boek sal verskyn mits dit deur die keurders aanvaar word.

Die volgende is met elke projek bereik:

- ***Translation flows: Exploring networks of people, processes and products***  
Ilse Feinauer, Marius Swart en Amanda Marais as mederedakteurs (Die

internasionale mederedakteur (Luc van Doorslaer) onttrek aan die projek weens te veel werksverpligtinge.

- 'n Voorlegging is aan die uitgiver John Benjamins gedoen wat deur hulle aanvaar is.
- 'n Oproep is vir hoofstukke uitgestuur
- Abstrakte is ontvang en gekeur (30 ontvang; 17 gekeur)
- 16 van die 17 hoofstukke is ontvang en gelees vir vooraf keuring
- Keurders is aangewys
- Die bestaande hoofstukke is vir keuring uitgestuur

Voorlopige publikasiedatum: Oktober/November 2022

- ***Fritz Ponelis en die Afrikaanse taalwetenskap***  
Rufus Gouws en Ilse Feinauer as mederedakteurs
- 'n Voorlegging is aan die uitgiver: African Sun Media gedoen wat deur hulle aanvaar is.
- Spesifieke outeurs is genooi om hoofstukke voor te lê
- 12 van die 14 hoofstukke is ontvang en gelees vir vooraf keuring
- Ek en Gouws het saam 'n hoofstuk geskryf wat ingedien word vir keuring
- Al 14 hoofstukke sal in Januarie aan die uitgewers gegee word om aan die keurders te versprei.

Voorlopige publikasiedatum: Julie 2022

- ***The Reality of Revision***  
Ilse Feinauer en Amanda Marais as mederedakteurs
- Besluit om boekprojek by twee kongresse bekend te stel en dien twee abstrakte in:  
Aanvaar vir [International Conference: Field Research on Translation and Interpreting \(FIRE-TI 17 -19 Feb 2022\)](#) Universiteit van Wene. Op 18 Februarie 2022 lewer Feinauer en Marais 'n referaat virtueel. Feinauer word ook genooi om aan die einde van die kongres as een van drie paneeldele op te tree om haar indrukke oor die kongres te gee.
- Feinauer en Marais se paneelvoorstel word aanvaar vir EST 2022 in Oslo, Noorweë in Junie 2022. Dit beteken ons kan as sameroepers vir referate optree wat almal handel oor die paneeltema "The Reality of Revision".
- Die idee is om mense wat in ons paneel optree en soortgelyke navorsing as ons doen by die twee kongresse te nader om hoofstukke vir die boek in te dien.

- Daarna sal ons met beplande hoofstukke 'n voorlegging aan 'n internasionale uitgewer doen.
- Die mederedakteurs sal self 'n hoofstuk vir die boek skryf – referaat in Februarie 2022 sal in boekhoofstuk omskep word.

Voorlopige publikasiedatum: November 2023

- ***Gedenkuitgawe vir kollega - vertroulik***

- Dit is 'n bykomende projek wat tydens die navorsingsvergunning by my ontstaan het.
- Ilse Feinauer, Amanda Marais en Marius Swart as mederedakteurs
- Kry toestemming by WAT en Lexikos-redaksie om *Lexikos* as spesiale uitgawe te gebruik
- Oproep om hoofstukke gaan in April 2022 uit aan spesifieke outeurs
- Lys outeurs is saamgestel

Voorlopige publikasiedatum: Oktober/November 2023

- ***Binnenlandse vogels, buitenlandse nesten - The reception of translated Dutch literature internationally* (Nog geen titel nie)**

Die boek is gegrond op 'n internasionale projek onder leiding van KU Leuven om te kyk na die ontvangs van vertaalde literêre publikasies uit Nederlands in die betrokke land/taal van ontvangs. Afrikaans is een van die tale wat by die projek ingesluit word.

Uitgewer: Routledge Studies in Literary Translation

Skryf hoofstuk saam met PhD-student Marike Snyman van der Watt en 'n honneursstudent en Voslooobeurshouer, Mareli Swart.

Hieraan het ek niks gedoen nie, want die redakteurs het nog geen inligting gegee nie.

Die hoofstuk sal vermoedelik deur Ilse Feinauer, Marike van der Watt en 'n honneursstudent Mareli Swart gedoen word.

**Kongresse, kollokwiums en lesings (alles vind virtueel plaas):**

- Gee lesing in program 'Multilingualism and Translation', as deel van die UNESCO Chair on Language Policies for Multilingualism by die Universiteit van Florianopolis in Brasilië (UFSC): 5 April 2021.
- Neem deel aan Suider-Afrikaanse Vertaalinstiutut (SAVI) se kollokwium oor *Gapings in Opleiding en Behoeftes in die Werkplek*: 16 April 2021.

- Woon die kongres van KU Leuven en die UFS by: *The complexity of social-cultural emergence: Biosemiotics, semiotics and translation studies: 18-21 Augustus 2021.*
- Woon 7e IATIS in Barcelona by: *The cultural ecology of translation: 15-17 September 2021.*
- Stel paneel saam vir optrede by kongres in Brasilië oor *Pluricentric languages* met die titel: *Is Afrikaans a pluricentric language? 20 - 22 Oktober 2021.*

**Vir 2022:**

Alhoewel onderstaande geleenthede in 2022 plaasvind, het ek reeds in 2021 daaraan gewerk.

- Lewer hoofreferaat by USAN se tweejaarlike kongres vir jong navorsers: *Vertaalwetenskap: Opleiding en Navorsing in die Afrika-konteks. 19 Januarie 2022.*
- Genooi as hoofspreker van die *XIIth FIT (Federation of International Translation Associations) World Congress* in Varadero, Kuba wat vanaf 3 – 5 Desember 2021 sou plaasvind. Hierdie kongres vind elke drie jaar plaas en word deur ongeveer 800 mense bygewoon. Dit het ongelukkig nie plaasgevind nie en die kongres is na 1 – 3 Junie 2022 uitgestel.
- Genooi as een van die hoofsprekers by die Universiteit van Tartu in Estland op 12 en 13 Mei 2021 vir die kongres 'Translation as cultural transfer'. Dit vind ongelukkig nie plaas nie en is geskuif na Mei 2022. Afhangende van die oorlogssituasie in Rusland sal dit waarskynlik weer uitgestel of dalk selfs afgestel word.
- Genooi as hoofspreker om in Mei 2021 by die Universiteit van Triëst op te tree oor die handhawing van Afrikaans in die hedendaagse Suid-Afrika. Dit vind ongelukkig nie plaas nie en is geskuif na Mei 2022.

**Publikasies:**

Twee hoofstukke is saam met dr Amanda Lourens voltooi om in twee verskillende Routledge-publikasies in 2021 te verskyn. Ek is in albei gevalle genooi om 'n hoofstuk vir keuring voor te lê.

- Feinauer Ilse en Lourens Amanda. 2021. Looking again at revision in literary translation. In Koponen, Mossop, B. Robert, I en Scocchera, G. (reds.). *Translation Revision and/or Post-Editing*. Londen, New York: Routledge.
- Feinauer Ilse en Lourens Amanda. 2021. Who's the boss? Power relations between agents in the literary translation process. In Inggs, J. en Wehrmeyer, E. (eds.). *African Perspectives on Literary Translation*. Londen, New York: Routledge.

### **PhD-studente:**

Twee nuwe PhD-studente begin in 2021 met hulle eerste studiejaar met hulle studie in Afrikaans:

- Earl-Ray Basson met onderwerp: Die herstandaardisering van Afrikaans: Die insluiting van Kaapse Afrikaanse idiome in Afrikaansskoolhandboeke
- Ruchelle Lombard met onderwerp: Die invloed van internasionale boekbeurse op vertaalprojekte in en uit Afrikaans en Engels: 'n etnografiese gevallestudie
- Dalene Vermeulen (reeds in haar derde studiejaar) werk voort aan haar onderwerp: Die verantwoordelike vertaling van vier Afrikaanse vrouedigters in Nederlands 1994-2022: 'n postkoloniale, interseksionele perspektief op die buiteteks. **Dalene Vermeulen is 'n PhD-Leerstoelbeurshouer.**

### **Nadoktorale genoot – dr Danie Stander**

#### **Projek: Nerina Ferreira (1921–2012): teaterpraktisy, vertaler en skrywer**

Dr Danie Stander, wat vir 2020 en 2021 as nadoktorale genoot verbonde in die Ton en Anet Vosloo Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk aangestel is, word op 25 November 2021 vereer as een van die top 20 nadoktorale genote aan die Universiteit Stellenbosch. Dit was 'n uiters gepaste wyse om sy tweede jaar as nadoktorale genoot mee af te sluit.

Dié toekenning vir uitsonderlike navorsingsprestasie word gedoen aan die hand van die nadoktorale genoot se publikasies (byvoorbeeld vakartikels en hoofstukke in boeke), referate gelewer by kongresse, betrokkenheid by

navorsingspanne, skenkings en navorsingstoelae wat die nadoktorale genoot bekom en hulle betrokkenheid by Universiteitsverenigings en -bedrywighede.

Om in die top 20 te wees is nie net 'n besondere prestasie wanneer die aantal nadoktorale genote aan die US in ag geneem word nie (in 2020 was daar meer as 320 nadoktorale genote), maar ook wat die vakgebied betref. Danie is een van slegs twee nadoktorale genote in die top 20 wat in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe werksaam is (die ander presteerders kom van AgriWetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, sowel as Natuurwetenskappe). En hy is die eerste nadoktorale genoot in meer as drie jaar wat uit 'n taaldepartement op die lys beland.

Op grond van hierdie uitsonderlike prestasie en sy volgehoue goeie navorsingsuitsette, besluit prof Feinauer om dr Stander weer vir 2022 aan te stel.

- **Publikasies:**

#### **Artikels**

- “‘Wat ’n mens nie is nie, kan ’n mens altyd word’: Die spel van ouderdom en gender in Nerina Ferreira se vertaling van Astrid Lindgren se *Pippie Langkous*-reeks” is goedgekeur vir publikasie in die *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* (TNA).
- Erkenning van ontvangs is gegee deur *Litnet Akademies* vir my artikel: “‘Darling, ek is onrondneukbaar’: Interlinguistiese en intersemiotiese vertaling in TRUK se 1983-produksie van Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van William Shakespeare se *The Taming of the Shrew* as *Die Vasvat van ’n Feeks*”.
- “‘Dié dag, / leef jy twee maal’: Anna Neethling-Pohl se vertalings van vyf en twintig Shakespeare sonnette as performatiewe spraakhandelinge” is by *Litnet Akademies* ingedien en het reeds vroeg 2022 verskyn.
- ‘Let your voice enter me!’ / ‘Laat u stem deur my vloei’: Die vertaler as virtuoos van waarheid in Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van Peter Shaffer se *Amadeus*” word afgehandel. Dr Stander is nog onseker aan watter tydskrif dit voorgelê sal word.

Hier volg 'n lys werktitels van artikels waaraan dr Stander ook deur die loop van 2021 gewerk het en hulle sal in 2022 voltooi en vir keuring voorgelê word:

- “‘en dan die binnepraat’: ‘n Bespreking van Nerina Ferreira as radiodramaturg met ’n besondere fokus op haar hoorspel *Eva se Krismiskat*”
- “‘n Queer-analise van Nerina Ferreira se vertaling van Oscar Wilde se *The importance of being Earnest as Erns in luim*”
- “Nerina Ferreira (1921-2012): ‘n Loopbaanoorsig”
- “‘n Ondersoek na Nerina Ferreira se vertaalprosesse en -tegnieke deur ’n bestudering van argief- en egodokumente”

**Boekhoofstuk:**

- Op uitnodiging van Marissa Keuris en Temple Hauptfleisch, redakteurs van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsboek oor Bartho Smit, het dr Stander ’n hoofstuk getiteld “Die kontinuering van Bartho Smit se dramaturgiese visie in die werk van Reza de Wet” op 30 November ingedien. Erkenning van ontvangs en goedkeuring is bevestig.
- Louise Viljoen, redakteur van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsboek oor Antjie Krog, nooi dr Stander om ’n hoofstuk vir die publikasie in te dien. Sy werkstitel is “Perlokusionêre poësie in Antjie Krog se Afrikaanse vertaling van Tom Lenoye se drama *Koningin Lear*”.

**Kongresse:**

- “‘Woorde wat ’n ding kan sê’: Die performatiwiteit van gender en vertaling in Nerina Ferreira se Afrikaanse vertaling van William Shakespeare se *The taming of the shrew* as *Die vasvat van ’n feeks*” is voorgedra vir die Afrikaanse Letterkunde Vereniging (ALV)-kongres wat in September 2021 by die Nelson Mandela-universiteit (NMU) in Port Elizabeth plaasgevind het.
- “Animal subjectivities and ecofeministic impulses in Nerina Ferreira’s Afrikaans translation of Astrid Lindgren’s *Pippie Longstocking* series” is voorgedra by die International Association for Translation and Intercultural Studies (IATIS) se sewende internasjonale kongres *The Cultural Ecology of Translation* wat tussen 14 en 17 September 2021 by die Universitat Pompeu Fabra in Barcelona, Spanje plaasgevind het.

## Beurshouers

- **PhD (tweede jaar van drie jaar)**

- **Annie Burger** - PhD in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: Verbruikerstekste in komplekse kontekste: Die verband tussen kontekstuele en buitetekstuele faktore en die doeltreffende aanwending van gewone taal.

Sy voltooи die eerste konsep van haar hele studie binne die twee studiejare. Sy is nou besig met omvattende redigering om haar studieleier se voorstelle by te werk. Sy behoort einde 2022 vir eksaminering in te dien.

- **Dalene Vermeulen** – PhD in Vertaling met onderwerp: Die verantwoordelike vertaling van vier Afrikaanse vrouedigters in Nederlands 1994-2022: 'n postkoloniale, interseksionele perspektief op die buiteteks.

Sy lewer twee hoofstukke in deur die loop van 2021.

- **MA (tweede jaar van twee jaar)**

- Kanja van der Merwe – MA in Vertaling met onderwerp: 'n Ondersoek na pedagogiese tolking vir Afrikaanstweedetaalverwerwing: 'n Gevallestudie.

Sy voltooи haar studie einde 2021 en behaal 'n onderskeidingspunt van 78. Sy beplan om met 'n PhD-studie voort te gaan.

- Hennely Nel - MA in Vertaling met onderwerp: Die vertaling van coloured vrouestemme in die Afrikaanse poësie teen die agtergrond van die transnasionale feministiese diskors

Sy het pas die voorfinale konsep van haar tesis ingelewer en dit behoort binnekort vir eksaminering ingedien te word. Sy sal beslis einde 20200 haar graad behaal.

- Francé Muller – MA in Afrikaans en Nederlands met onderwerp: 'n Etnografiese ondersoek na die vryheid van taalkeuses aan die US. Ná twee jaar is hier nog geen voorstel ter tafel gelê nie. Die tweede paaiemment van die beurs is dus nie in 2021 uitbetaal nie en indien daar

voldoende vordering met die studie is, sal die tweede paaiement wel deur die loop van 2022 uitbetaal word.

- **Honneurs (een jaar)**

- Eleonore Basson – Afrikaans en Nederlands

- Slaag met onderskeidingspunt van 80 en behaal die hoogste punte van alle honneursstudente in Afrikaans en Nederlands vir 2021. Sy gaan voort met 'n MA-studie.

- Allison Matroos - Afrikaans en Nederlands

- Slaag met goeie punt van 71. Sy gaan voort met 'n MA-studie en kry vir 2022 weer 'n Vosloobeurs.

- Mareli Swart – Vertaling

- Slaag met onderskeidingspunt van 76 en behaal die hoogste punte van alle honneursstudente in Vertaling vir 2021. Sy behaal ook die hoogste punte in twee modules van haar honneursprogram: Vertaling en Redigering. Sy deel die prys vir Redigering met Ella van Rensburg. Mareli gaan voort met 'n MA-studie en kry vir 2022 weer 'n Vosloobeurs.

- Ella van Rensburg – Vertaling

- Slaag met onderskeidingspunt van 75. Sy behaal die hoogste punt van albei honneursprogramme (Afrikaans en Nederlands; Vertaling) met 'n punt van 76 vir haar navorsingswerkstuk. Sy behaal saam met ook die hoogste punte in die module Redigering. Sy deel die prys vir die module in Redigering met Ella van Rensburg. Sy is vanaf Januarie 2022 as Afrikaansonderwyser by die Hoërskool Jan van Riebeeck aangestel.

## **Internskappe**

Alhoewel die pandemie ons planne sleg in die wiele gery het om internskappe vir die studente te reël, kon ons tog wel enkele honneursstudente in Vertaling plaas wat virtueel gewerk het. Die studente wat internskappe voltooi het, is:

Mareli Swart            NB (Kinder- en  
                                 Jeugboeke)

Ella van Rensburg    Kwela

## **Slotwoord**

Hiermee my innige dank aan Ton en Anet Vosloo vir die beskikbaarstelling van die fondse om nie net mense wat met taal werk se loopbane te bevorder nie, maar ook die taal, Afrikaans, self te ondersteun. Dit is verstommend om die aantal navorsingsuitsette te sien wat tot dusver reeds deur die ondersteuning van hierdie fondse voltooi is.

Dit is ook verblydend om te sien hoe goed die studente presteer wat Vosloobeurshouers is en dan wonder mens of hulle in staat sou wees om hulle studies te kon voortsit as dit nie vir die Vosloobeurse was nie.

*AE Feinwee*

9 Maart 2022